# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

## GROETE AAN AL DIE RYNIE HUISGESINNE!

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



Septembermaand het aangebreek en die lenteseisoen is uiteindelik hier! Ons sien uit na die nuwe vreugde en opgewondenheid wat die lente bring. Ons hoop die warm weer hou en daar is nie erge laat koue nie.

**Soos reeds gekommunikeer dra die Rynies weer amptelik somersdrag vanaf Maandag 7 September 2026.**




Verlede week het ons die Gr. 7 entrepreneursdag suksesvol afgehandel. Baie dankie aan al die Rynies wat die Gr. 7 leerders so mooi ondersteun het. Spesiale dank aan al die personeel aan diens en Mnr. Theo Marais wat aan die hoof van die organisasie gestaan het. Die Rynies het die dag voorwaar baie geniet!







# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

Volgende week vind die "Rynies got Talent" optredes plaas. Hierdie is die tweede keer wat ons die talentkompetisie vir die Rynies aanbied en die eerste keer was 'n reuse sukses wat die Rynies vreeslik geniet het.
Daar is nog kaartjies beskikbaar!
Moenie hierdie uiters vermaaklike geleentheid misloop nie!







**R.G.T**













# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## HOKKIE



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## TENNIS

Dit is ñ bedrywige week by die tennis gewees! 🎾
Ons tennisspelers het Rynfield se naam alombekend gemaak en aan mense se lippe laat hang.
Ons junior-tennis het Vrydag aan ñ oranjebaltoernooi deelgeneem.
Ons seunsspan het ñ eerste plek behaal uit 10 Skole en ons dogterspan is naaswenners uit 6 skole.
Ons senior-tennis het Maandag 31/08 op verskeie plekke deelgeneem. Dié skole waarteen ons deelgeneem het, is Laerskool Reiger Park, Leeuwenhof en Laerskool Concordia.
Ons het twee uit die drie wedstryde gewen.

* Dinsdag 01/02 het ons Dogters A span teen Laerskool Kruinsig gespeel en hul klop-disselboom gewen.
 * Woensdag 02/09 het die A span seuns teen Laerskool Oosterkruin gespeel en baie mooi gewen!

Ons is regtig baiè trots op al ons tennisspelers! 🎾



**Senior tennis - A span seuns. Vlnr. Nathan Viljoen, Eben Duvenage, Luther du Randt en Hein Hoffmann**




**Junior tennis - seuns. Vlnr. Joey Meyer, Hendrik Meyer, Enzo Matthews, Daniël van Staden. Voor. Kayden Roets.**




**Junior tennis - dogters. Vlnr. Lené Schirmer, Milea Duvenage, Arya Whiteman, Bianke-Mari Potgieter en Kensi Engelbrecht.**




**Senior tennis - A span Dogters. Vlnr. Nicolene du Plessis, Zemke du Randt, Nadia Myburgh en Zika Uys.**

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## KOOR

**Neem asb. kennis, geen seniorkoor oefening Maandag. Seniorkoor oefen Dinsdagoggend 8 September-7am.**







## SPREEKKORE

Ons sien uit na ons 3 Spreekkore se optrede komende Vrydag, sterkte aan al ons koorlede. Hier volg die reëlings:

📍 Daar is klasse beskikbaar as wagkamers.
🅿️ Parkering is op die rugbyveld. Die gasheerskool hef geen ingangsfooi nie – baie dankie, Concordia! 🙏
🎟️ Geen deurfooi word gehef nie.

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

Program vir die Spreekkore:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Dramatika | SPREEKKOOR Gedramatiseerd (Gr RRR-R) | 14:30-15:45 | 04-Sept | L/S Concordia |
| | | | | |
| Rynies JNR Dramaklub | SPREEKKOOR Gedramatiseerd (Gr1-3) | 14:30-15:45 | 04-Sept | L/S Concordia |
| L/S Die Arend | SPREEKKOOR Gedramatiseerd (Gr1-3) | 14:30-15:45 | 04-Sept | L/S Concordia |
| L/S Westwood | SPREEKKOOR Gedramatiseerd (Gr1-3) | 14:30-15:45 | 04-Sept | L/S Concordia |
| L/S Rynfield | SPREEKKOOR Gedramatiseerd (Gr1-3) | 14:30-15:45 | 04-Sept | L/S Concordia |
| | | 15:45-16:00 | | |
| L/S Goudrand Primary | CHORAL VERSE Dramatised (Gr1-3) | 16:00-16:45 | 04-Sept | L/S Concordia |
| | | | | |
| L/S Concordia | SPREEKKOOR Stilstaande (Gr1-3) | 16:00-16:45 | 04-Sept | L/S Concordia |
| L/S Concordia | SPREEKKOOR Stilstaande (Gr1-3) | 16:00-16:45 | 04-Sept | L/S Concordia |
| L/S Concordia | SPREEKKOOR Stilstaande (Gr1-3) | 16:00-16:45 | 04-Sept | L/S Concordia |
| | | 16:45-17:00 | | |
| L/S Goudrand Primary | CHORAL VERSE Dramatised (Gr4-5) | 17:00-18:00 | 04-Sept | L/S Concordia |
| | | | | |
| L/S Rynfield | SPREEKKOOR Gedramatiseerd (Gr 4-5) | 17:00-18:00 | 04-Sept | L/S Concordia |
| L/S Die Arend | SPREEKKOOR Gedramatiseerd (Gr 4-5) | 17:00-18:00 | 04-Sept | L/S Concordia |
| | | | | |
| L/S Concordia | SPREEKKOOR Stilstaande (Gr4-5) | 17:00-18:00 | 04-Sept | L/S Concordia |
| L/S Concordia | SPREEKKOOR Stilstaande (Gr4-5) | 17:00-18:00 | 04-Sept | L/S Concordia |
| | | 18:00-18:15 | | |
| L/S Rynfield | SPREEKKOOR Gedramatiseerd (Gr 6-7) | 18:15-19:45 | 04-Sept | L/S Concordia |
| L/S Die Arend | SPREEKKOOR Gedramatiseerd (Gr 6-7) | 18:15-19:45 | 04-Sept | L/S Concordia |
| | | | | |
| L/S Goudrand Primary | CHORAL VERSE Dramatised (Gr 6-7) | 18:15-19:45 | 04-Sept | L/S Concordia |
| | | | | |
| L/S Baanbreker | SPREEKKOOR Stilstaande (Gr6-7) | 18:15-19:45 | 04-Sept | L/S Concordia |
| L/S Concordia | SPREEKKOOR Stilstaande (Gr6-7) | 18:15-19:45 | 04-Sept | L/S Concordia |
| L/S Concordia | SPREEKKOOR Stilstaande (Gr6-7) | 18:15-19:45 | 04-Sept | L/S Concordia |
| | | 19:45-20:00 | | |

## KUNSWEDSTRYD

Geluk aan juffrou Barbara se dramagroepe wat uitmuntend presteer het by Dell'Arte. Al 4 groepe was ITEMWENNERS!






NUUSBRIEF 30 VAN 2026 *3 September 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD







## Interskole Redenaarsliga / Interschools Public Speaking League

Die volledige program is beskikbaar op die organiseerders se webtuiste. Ons versoek dat alle ouers asseblief vooraf bevestig hoe laat hul kind aan die beurt is, sodat deelname glad verloop. Alle sterkte met die laaste voorbereiding. Sien julle op 19 September by WITS!

## 📌Belangrike Inhandiging van Kultuursertifikate

DIT IS TYD! Indien u kind hul kultuurdeelname vir 2026 voltooi het en nie meer aan verdere kunswedstryde gaan deelneem nie, versoek ons dat u asseblief die sakkie of lêer wat u by die huis saamgestel het met afskrifte van u kind se sertifikate/uitslae (geen oorspronklike sertifikate) skool toe stuur.

**Let wel**:

·Koor en spreekkore hoef nie ingehandig te word nie – die personeel hou self rekord van uitslae en bywoning wat tel vir u kind se toekenning aan die einde van die jaar.

·Alle toekennings vir kunswerke moet asseblief by die kunsjuffrou ingehandig word.

·Slegs harde kopieë sal aanvaar word – geen e-posse of WhatsApp-inskrywings nie.

Baie dankie vir u samewerking en dat u help om alles netjies en volledig bymekaar te hou.

*Kultuurgroete. Juf, Coffey*



*Stuur gerus enige navrae na kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

# SNOEPIE SPYSKAART

| | |
|---|---|
| Maandag, 7 September | "Russians & Chips" |
| Dinsdag, 8 September | Hoenderburgers |
| Woensdag, 9 September | Rynie "Nacho's" |
| Donderdag, 10 September | "Streetwise 2" |
| Vrydag, 11 September | COMBO: Pizza, Koeldrank & Sjokolade |

NUUSBRIEF 30 VAN 2026 *3 September 2026*

# NASKOOL

## LAERSKOOL RYNFIELD

## BELANGRIKE DATUMS!!! NEEM KENNIS

- **23 September - Skool sluit**
- **24 September - Publieke vakansiedag**
- **25 September - NASKOOL GESLUIT**
- **28 September - 5 Oktober - Naskool oop vir skoolvakansie (vanaf 07:00-17:30)**

## KLERETROLLIE:

Die kleretrollie is vol verlore items. Loer asseblief vir enige verlore items. Die trollie sal Woensdag, 9 September leeggemaak word.

## KLEREDRAG:

Die lente is hier, maar soos julle weet kan daar soms nog koue dae kom wat ons onkant betrap, maak dus asseblief seker dat u kind/ers elke dag ‘n warm baadjie of trui ingepak het.

## NASKOOL SPYSKAART

| DATUM | ETE | 15:45 - 16:00 |
|---|---|---|
| Maandag, 7 September | “Russians” + Kapokaartappels | Vrug & sap |
| Dinsdag, 8 September | Spaghetti Bolognaise | Vrug & sap |
| Woensdag, 9 September | Tuna Rolletjies | Vrug & sap |
| Donderdag, 10 September | “Chicken Pops + Chips” | Vrug & sap |
| Vrydag, 11 September | “Simba Chips” Rolletjies | Vrug & sap |

# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

## LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

**GR. 7 LEERDERS**

